BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim help ons met praktiese raad deur al die fisiese-, emosionele- en sosialemylpale

Esje Muller

Ons dogtertjie Nia, het eers op 13 maande begin kruip en ons was bekommerd dat daar fout was met haar spiere. Al die ander kinders van haar ouderdom het op 13 maande al geloop of ten minste tekens van loop gewys. Toe Nia amper 16 maande oud was het ons met BabaGim 2: Ferm Grondslag begin. Lizelle Muller, ons BabaGim Instrukteur in Mosselbaai, het dadelik voorgestel dat ons haar skoene uittrek sodat sy kaalvoet kan beweeg. Ons het die BabaGim oefening wat Lizelle gedemonstreer het getrou gedoen en binne 'n paar weke het Nia haar eerste treetjies gegee en geloop! Sy was 17 maande oud toe sy begin loop het. Nia se balans was baie swak, maar met meer oefeing en herhaling het haar balans verbeter. Alhoewel sy soms nog spartel help die 'ore-vryf' om die balanssentrum in die oor wakker te maak en geniet Nia dit om kaalvoet te loop!

Na Nia het ek 'n babaseuntjie, Helgaardt, gehad en het ek ook BabaGim by Lizelle met hom gevolg. Lizelle het opgemerk dat hy sy kop na slegs sy linkerkant draai en nooit na sy regterkant nie. Sy het aanbeveel dat ek gereeld sy nekkie masseer om hom van albei kante van die nek bewus te maak. Helgaardt draai vandag sy kop en nek met gemak na sy linker- en regterkante, hy kan sterk kruip en begin nou, op 10 maande, bietjies-bietjies teen meubels optrek.

Alhoewel albei my kinders pragtig ontwikkel is elke dag ook nie maklik nie. Nia is baie onlangs met Outisme gediagnoseer... Deur die hele proses (ons het aanvanklik gedink sy het 'n gehoorprobleem) het Lizelle ons geweldig baie ondersteun en BabaGim oefeninge gewys en aanbeveel wat ons slaafs volg. Lizelle bemoedig ons en help ons om Nia nie net fisies nie, maar emosioneel en sosiaal te ontwikkel. Emosionele en sosiale ontwikkeling is natuurlik ekstra nodig waar outisme ter sprake is. Ons het ook Nia se kleuterskool juffrou ingespan om te help met massering en stimulasie (deur middel van BabaGim oefeninge toe te pas) deur die loop van die dag.

Baie dankie vir die positiewe vordering in ons lewens BabaGim!